Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

VERKIESINGSUITGAWE

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXI No. 10 Prys 3c

DINSDAG, 15 AUGUSTUS 1967


SIRKUS VANAAND IN STADSAAL — DIE NARRE!

# MATIES NA DIE STEMBUS

## Elkeen se Plig sê Stembuskonvenor

**DIT het weer verkiesingstyd geword in Matieland! Elke stemgeregtigde lid van ons studente-unie het weer eens die voorreg om 'n bydrae te lewer tot die verkiesing van ons Studenteraad.**

Hierdie voorreg gaan egter ook gepaard met 'n verantwoordelikheid en plig. Dit is betreurenswaardig dat hierdie plig in die verlede herhaaldelik deur 'n groot persentasie van die lede van ons studente-unie versuim is. Laat ons probeer om in die 101ste jaar van die bestaan van ons geliefde Alma Mater 'n stempersentasie van 100% te behaal. Laat elke Matie vanjaar sy belangstelling in en liefde vir ons Alma Mater en ons studente-unie toon deur sy of haar stem uit te bring met hierdie SR-verkiesing van 1967.



**Die stembuskomitee is vanjaar met twee addisionele lede uitgebrei tot sewe lede. Hier verskyn v.l.n.r. voor: Gawie Kriel, Cobus Grabe (O.-konvenor) en Johann Steyl. Agter: Johan Bergh en Eliana van der Westhuizen. Afwesig: Christo Wiese (Konvenor) en Teddy Hoffman.**



**CHRISTO WIESE is vanjaar se stembuskonvenor. Dit beteken dat hy ook vanaand die voorsitterstoel sal inneem tydens die tradisionele jaarlikse sirkus.**

Dit is van die grootste belang dat elke kieser volkome op hoogte met die stemprosedure is. Daarom word u versoek om die volgende instruksies noukeurig te bestudeer.

1. **ALLE PSO - STUDENTE STEM BY DIE VERSKILLENDE FAKULTEITSSTEMBUSSE SOOS IN DIE VERLEDE. ALLE STUDENTE IN UNIVERSITEITSKOSHUISE STEM BY HULLE ONDERSKEIE KOSHUISE.**
2. 'n Lid van die Studente-unie is stemgeregtig wanneer hy ten minste één semester lid van die Studente-unie was. Met dien verstande dat 'n persoon wat lid was, onmiddellik stemgeregtig sal word as hy weer lid word.
3. Die kieserslys bestaan uit lede stemgeregtig op nominasiedag.
4. Besware met betrekking tot die kieserslys word op verkiesingsdag by die voorsitter van die Stembuskomitee gedoen; welke besware onmiddellik afgehandel word.
5. Die verkiesing vind plaas tussen 8 vm. en 3 nm. by wyse van 'n stemming met geslote stembriefies.
6. Onreëlmatighede in die stemming word onmiddellik by die voorsitter van die Stembuskomitee aangemeld, wat sal handel volgens eie goeddunke.
7. Elke lid sal nie minder as ses (6) en nie meer as twaalf (12) stemme uitbring nie.
8. 'n Alfabetiese naamlys van die kandidate met 'n nommer by elke kandidaat word in die stemlokaal aangebring.
9. 'n Kieser stem deur die nommer van die kandidaat op 'n stembrief aan te bring.
10. Slegs die stembrief deur die stembeampte verskaf mag gebruik word.
11. Elke kieser moet persoonlik in die lokaal stem.
12. Die stemprosedure is soos volg:
    (a) 'n Stembrief word gegee aan elke persoon wat sy naam verstrek en wie se naam op die kieserslys is. Sodra 'n persoon 'n stembrief ontvang het, word sy naam van die kieserslys geskraap.
    (b) Na stemming word die briefie in die geslote stembus, wat spesiaal vir daardie doel aangebring word, geplaas.
    (c) Elke kieser is geregtig op 'n nuwe blanko stembriefie by inhandiging van die een wat hy beskadig het, indien dit gebeur.
13. Enige persoon kan deur die stembeampte versoek word om die lokaal te verlaat indien hy onnodig lank daar vertoef.
14. Alle nuwe lede (d.w.s. eerstejaars en seniors wat vir die eerste maal op Stellenbosch ingeskryf is) sal op 'n groen stembrief stem, terwyl almal wat 'n jaar op Stellenbosch gestudeer het, op 'n wit stembrief stem.
15. 'n Kennisgewing van die verkose kandidate en die totale aantal stemme op elkeen uitgebring, saam met die persentasie stemme uitgebring, word as voorlopige uitslag aangebring onmiddellik nadat die tel van stemme voltooi is.
16. Indien enige lid van die Studente-unie beswaar het dat die verkiesing nie ooreenkomstig die bepalings van die konstitusie plaasgevind het nie, of dat die verkiesing om enige ander rede ongeldig is, handig hy sodanige beswaar binne vier-en-twintig (24) uur skriftelik by die voorsitter van die Stembuskomitee in, wat die beswaar so gou moontlik aan 'n arbitrasiehof vir beslissing voorlê. Die beslissing van die arbitrasiehof is finaal en indien dit ten gunste van geldigheid van die verkiesing is, word die verkose Studenteraad geag gekies te wees vanaf daardie oomblik.
17. Indien daar geen beswaar skriftelik by die voorsitter van die Stembuskomitee ingedien is binne vier-en-twintig (24) uur na die bekendmaking van die voorlopige uitslag nie, word die verkose Studenteraad geag geldig te wees.

U samewerking sal op prys gestel word.

Baie dankie.

**CHRISTO WIESE,**
**Stembuskonvenor.**


**DIE MATIE verstrek volledige besonderhede oor die 15 SR-kandidate op bladsye 2 en 3.**



*Waar om te Stem*

**'n Volledige uiteensetting van alle stemlokale verskyn op die agterblad.**


**DIE SESTIENDE KANDIDAAT**



**Hy pomp . . .**

# EN HIER IS U



## WIM BOTHA

7de Jaar

M.A. Beplanning

### ONDERVINDING:

**1962:** Redaksielid **Die Matie.**

**1963:** Sekretaris Geskiedenisvereniging; Redaksielid **Die Matie;** Sekretaris ASB-komitee; Lid afvaardiging ASB-kongres Pretoria.

**1964:** Redaksielid **Die Matie** (ASB en Interuniversitêr); Sekretaris Verenigingskomitee; Sekretaris Kleurekomitee; Sekretaris ASB-komitee; Lid afvaardiging ASB-kongres Potchefstroom; Voorsitter Geografievereniging.

**1965:** Sekretaris ASB-komitee; Voorsitter Geografievereniging; Subredakteur **Die Matie;** O.-Primarius Huis Visser.

**1966:** Lid Studenteraad, 1965/66; Tesourier en lid Uitvoerende Komitee SR; Voorsitter Advertensieburo SR; Lid afvaardiging ASB-kongres Stellenbosch; O.-Primarius Huis Visser; Stigterslid en Tesourier Junior Rapportryerskorps US; Leier Matiespan Interuniversitêre vasvrareeks.

**1967:** Lid Studenteraad, 1966/67; O.-voorsitter en lid Uitvoerende Komitee SR; Lid afvaardiging ASB-kongres Bloemfontein; Lid Interuniversitêre Komitee SR; Voorsitter Komitee Openbare Betrekkinge; Voorsitter Junior Rapportryerskorps US; Voorsitter Primarii/ae-komitee; Primarius Huis Visser.

### BELEID:

**Tot diens van die Studente-unie met die strewe om die Christelik-nasionale karakter van ons Universiteit ten alle koste te probeer bewaar.**

**VOORSTELLER:** Viccie le Roux.

**SEKONDANTE:** Japie van Wyk, (mej.) Elsabé Jansen, Fanie Jacobs, Pieter van Huyssteen, De Villiers Lamprecht.

☆ ☆ ☆

## CARLÉ CILLIÉ

4de Jaar

LL.B. II

### ONDERVINDING:

**1964:** Redaksielid **Die Pieke.**

**1965:** Redaksielid **Die Pieke;** Lid Wyksraad Nasionale Party-studentetak.

**1966:** Redaksielid **Die Matie;** Lid Dagbestuur Nasionale Party-studentetak.

**1967:** Lid Huiskomitee Huis Marais; Redaksielid **Die Matie;** Lid ASB-komitee; Lid afvaardiging ASB-kongres; Lid Dagbestuur Nasionale Party-studentetak; Lid Sentrale Bestuur US-Rugbyklub; Sekretaris Junior Rapportryerskorps US.

### BELEID:

**Ek onderneem om die belange**



**van die Studente-unie na die beste van my vermoë te dien.**

**VOORSTELLER:** Pieter van Huyssteen.

**SEKONDANTE:** Viccie le Roux, Fanie Jacobs, Wim Botha, (mej.) Elsabé Jansen, De Villiers Lamprecht.

☆ ☆ ☆



## ANDREW GERBER

5de Jaar

B.Th. II

### ONDERVINDING:

**1963:** Wenner Eerstejaars Redenaarskompetisie.

**1964:** Lid Wyksraad Nasionale Party-studentetak; Redaksielid Admissiebondblad; ACSV-kringleier.

**1965:** Lid US-Debatsvereniging; Lid Komitee Openbare Betrekkinge; Sekretaris Admissiebondbestuur; Redakteur Admissiebondblad; Redaksielid **Die Matie;** Lid ASB-komitee; Lid afvaardiging ASB-kongres; Redakteur **Die Eiffel.**

**1966:** Tesourier US-Debatsvereniging; Wenner Senior Redenaarskompetisie; Tweede in interuniversitêre Redenaarskompetisie; Lid ASB-komitee; Lid afvaardiging ASB-kongres; Lid Intervarsity-komitee; Redakteur **Die Eiffel;** Wenner Junior Kweekskool redenaarskompetisie; ACSV-kringleier.

**1967:** Voorsitter US-Debatsvereniging; Wenner Wolnit Redenaarskompetisie; Lid Dagbreek Huiskomitee; Lid Studentevariakomitee; Lid Publikasiekomitee.

### BELEID:

**Studenteraadsverkiesings moet op beginselgrondslag beslis word. Omdat die Studente-unie daarop geregtig is om te weet watter beginsels die kandidate handhaaf, stel ek graag aan u die volgende beginsels wat my besluit ten opsigte van beleidsake bepaal:**

**(a) Primêr my Christelike beginsels soos beliggaam in die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner.**

**(b) Die liefde vir en die drang tot handhawing en uitbouing van die Afrikanerkultuur waarin ek opgegroei het en die waardering vir dié van andere wat ook hul eie wil bewaar en uitbou.**

**(c) Die geloof dat die verskeidenheid in volke, tale en kulture nie maar toevallig is nie.**

**VOORSTELLER:** Boy Geldenhuys.

**SEKONDANTE:** Wim Botha, Pieter van Huyssteen, Kobus Koch, Viccie le Roux, (mej.) Marita Human.

☆ ☆ ☆

## FANIE JACOBS

6de Jaar

LL.B. III

### ONDERVINDING:

**1963:** Wyksraadslid Nasionale Party-studentetak.

**1964:** Wyksraadslid Nasionale Party-studentetak; ACSV-kringleier.


**1965:** Lid Sentrale Karnavalkomitee; Wyksraadslid Nasionale Party-studentetak.

**1966:** Advertensiebstuurder **Die Matie;** Redaksielid **Die Pieke;** Wyksraadslid van die Nasionale Party-studentetak; Lid afvaardiging ASB-kongres; Lid afvaardiging Afrikaanse Studente Persunie (ASPU)-konferensie; Voorsitter Reëlingskomitee ASB-Studenteleierskursus; Nasionale Party-organiseerder Volksraadsverkiesing in Natal; Stigters- en bestuurslid Junior Rapportryerskorps US.

**1967:** Lid Studenteraad 1966/67; Tesourier en lid Uitvoerende Komitee SR; Voorsitter Advertensieburo SR; O.-primarius Huis Visser; Voorsitter Dagbestuur en Wyksraad Nasionale Party-studentetak; Afgevaardigde namens SR na Universiteit Pretoria om ondersoek in te stel na die aanstelling van 'n permanente Studenteraadsorganiseerder; Lid afvaardiging ASB-kongres; Sekretaris Hoofbestuur van ASB.

### BELEID:

**(1) Terdeë bewus van die groot verantwoordelikheid en eise wat die Studenteraad aan tyd en kragte verg, is dit my vaste voorneme en opregte begeerte om die Stu-**




**dente-unie na die beste van my vermoë te dien.**

**(2) Dit is my strewe om die beginsels eie aan ons volk en godsdiens voortdurend te handhaaf en uit te bou. Die praktyk, met inbegrip van die nuwe, sal ook in die lig daarvan getoets word.**

**VOORSTELLER:** Viccie le Roux.

**SEKONDANTE:** Pieter van Huyssteen, Wim Botha, Eben Olivier, (mej.) Charlyn van der Westhuizen, Hendrik Klem.

☆ ☆ ☆



## JAN KIRSTEN

5de Jaar

M.A. Filosofie

### ONDERVINDING:

**1964:** Lid Admissiebondbestuur; Lid ACSV-subkomitee.

**1965:** Voorsitter Admissiebondbestuur; Redakteur **Die Boodskapper.**

**1966:** Subredakteur **Die Matie;** Studenteraadgewer PSO.

**1967:** Redakteur **Die Matie;** Leier **Matie**-afvaardiging konferensie Afrikaanse Studentepersunie.

### BELEID:

**1. Ek stel my tot diens van hierdie Studente-unie.**

**2. Hierdie diens sal bepaal word deur my geloof in 'n persoonlike God en my liefde vir die Afrikaner-volkseie as die beginselnorm waaraan die praktyk getoets sal word.**

**3. In die uitbouing van hierdie beginsels van Gods- en volksdiens, moet egter terselfdertyd rekening gehou word met die wisselende eise van die daaglikse situasie. Daarom is dit noodsaaklik om — vir sover dit steeds om die sáák bly gaan — die positiewe waarde van gesonde meningsverskil op die vlak van die praktiese studente-aangeleenthede te bly benut.**

**VOORSTELLER:** Fanie Jacobs.

**SEKONDANTE:** Viccie le Roux, Pieter van Huyssteen, (mej.) Elsabé Jansen, Kobus Koch, De Villiers Lamprecht.

☆ ☆ ☆



## GERHARD KOEN

### ONDERVINDING:

7de Jaar

Dipl. Teol. II

**STUDENT AAN UP**

**1962:** Joolbladredaksie.

**1963:** Lid CSV-bestuur; Voorsitter CSV-Sosiaalkomitee.

**1964:** Voorsitter Reëlingskomitee

# 15 KANDIDATE

Universiteitsoord Konsertgroep; Lid Huis Taaibos Senior Bondsbestuur.

**1965:** Toerleier Universiteitsoord Konsertgroep; Sekretaris Taaibos-Huiskomitee.

**STUDENT AAN US**

**1966:** Derde Wolnit Redenaarskompetisie; tweede Kweekskool Redenaarskompetisie (Junior afdeling).

**1967:** Tesourier ASB-komitee; Voorsitter ASB-Studenteleierskursus; Lid afvaardiging ASB-kongres; tweede Wolnit Redenaarskompetisie.

**1967/68:** Saamsoekredaksie.

## BELEID:

**Ek sal probeer om die belange van die Studente-unie te alle tye te beskerm en in belang van die Studente-unie te handel. In die uitvoering hiervan sal ek my voortdurend toets aan die eise van die Skrif.**

**VOORSTELLER:** Wim Botha.

**SEKONDANTE:** Pieter van Huyssteen, Viccie le Roux, (mej.) Elsabé Jansen, De Villiers Lamprecht, Hendrik Verwoerd.

☆ ☆ ☆



## HENNIE LE ROUX

5de Jaar

B.Sc. B.Ing. IV

## ONDERVINDING:

**1965/66:** Lid van VSIS-bestuur; Redakteur **Sigma**; Lid afvaardiging na SAFUIS-konferensie.

**1966/67:** O.-voorsitter VSIS; Sekretaris Sentrale Karnavalkomitee; Lid Verenigingskomitee; Sekretaris PSO-Huiskomitee; Dagbestuurslid Nasionale Party-studentetak; Hoofredakteur **Vektor**; Lid afvaardiging SAFUIS-konferensie.

## BELEID:

**Ek sal alleenlik poog om enige taak aan my opgedra — indien ek gekies word as lid van die Studenteraad — te verrig na die beste van my vermoë.**

**VOORSTELLER:** Dave Richter.

**SEKONDANTE:** Viccie le Roux, Pieter van Huyssteen, Fanie Jacobs, Johann du Toit, (mej.) Huibri Cilliers.

☆ ☆ ☆



## JANNIE LE ROUX

3de Jaar

B.Sc. Landbou III

## ONDERVINDING:

**1966:** Tesourier Wetenskaplike Landbouvereniging; Junior komitee Simonsberg.

**1967:** Huiskomitee Simonsberg; Wyksraadslid Nasionale Party-studentetak; Karnaval Vlottekomitee; Lid ASB-komitee; Lid afvaardiging ASB-kongres Bloemfontein; Lid Junior Rapportryerskorps US.

## BELEID:

**(1) Ek onderskryf die Christelike-volkseie grondslag van hierdie universiteit en sal my beywer vir die handhaaf en uitbou daarvan.**

**(2) Verder stel ek my ten doel om die belange van die Afrikanerstudent te dien, sonder om afsydig te staan teenoor die noodsaaklike samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes.**

**VOORSTELLER:** Wim Botha.


**SEKONDANTE:** Pieter van Huyssteen, Fanie Jacobs, Jan Kirsten, (mej.) Elsabé Jansen, Bobby Scherrer.

☆ ☆ ☆

## DEON MELCK

4de Jaar

Honns. B.Sc.



## ONDERVINDING:

Junior Breëbestuur; Ondervoorsitter Swemklub; Voorsitter Raad van Beheer Studenteforum 1967—1968; Nasionale Ondervoorsitter Suid-Afrikaanse Studente-unie; Primarius Helderberg.

## BELEID:

**(1) Om nouer samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekende studente op Stellenbosch te bevorder.**


**(2) Om die belange van die Stellenbosse Studente-unie te bevorder.**

**(3) Om die stigting en erkenning van die Suid-Afrikaanse Studente-unie op die Universiteit Stellenbosch te steun en ook so sy doelstellinge.**

**VOORSTELLER:** Derique Coetzee.

**SEKONDANTE:** F. J. van Rooyen, Sytze Alkema, Dave Richter, Graham Polson, (mej.) Jeanette Coetzee.

☆ ☆ ☆



## JOHANN MEYER

4de Jaar

Honns. B.A.

## ONDERVINDING:

**1964:** Wenner Eerstejaars Redenaarskompetisie. Lid Debatsbestuur.

**1964/65:** Besoek verskeie Europese universiteite.

**1965:** Lid Junior Breëbestuur; Waarnemer ASB-kongres Heidelberg; Redaksielid **Die Besem;** Derde Interuniversitêre Redenaarskompetisie; Redaksielid **Stellenbosse Student;** Sekretaris Debatsvereniging; Wenner Senior Redenaarskompetisie.

**1966:** Lid ASB-komitee; Beoordelaar Eerstejaars Redenaarskompetisie; Lid Karnavalkomitee; Lid afvaardiging ASB-kongres; Wenner Interuniversitêre Redenaarskompetisie (mans-afdeling); Voorsitter Besprekingsklub Wilgenhof; Redaksielid **Die Stellenbosse Student;** O.-voors. Debatsvereniging; Subredakteur **Akkerjol;** Voorsitter tydens Afrika Simposium.

**1966/67:** Sekretaris Wilgenhof-Huiskomitee; Lid Matievasvraspan; Organiseerder Joernalistieke Week; O.-voors. Intervarsitykomitee; Voorsitter Publikasiekomitee; Lid Studenteraad.


## BELEID:

**Ek stel myself tot diens van die Studente-unie met spesifieke verwysing na aangeleenthede soos die L.G.S. en Gemeenskapsentrum.**

**VOORSTELLER:** Viccie le Roux.

**SEKONDANTE:** (Mej.) Elsabé Jansen, Bobby Scherrer, Boy Geldenhuys, Tinus Daneel, Pieter van Huyssteen.

☆ ☆ ☆



## AMANDA OELOFSE

4de Jaar

B.Sc. III

## ONDERVINDING:

**1964/65:** Wenner American Field Service-beurs.

**1966:** Huiskomitee Heemstede; Lid Intervarsitykomitee; Lid Stembuskomitee.

**1966/67:** Bestuurslid Wetenskaplike Vereniging.

**1967:** Huiskomiteelid Heemstede; Lid Karnavalkomitee; Lid Intervarsitykomitee; Lid Studentevariakomitee; Redaktrise Joernaal van Wetenskaplike Vereniging.

**1967/68:** Bestuurslid Wetenskaplike Vereniging.


## BELEID:

**Ek stel myself tot diens van die Studente-unie.**

**VOORSTELLER:** (Mej.) Elsabé Jansen.

**SEKONDANTE:** Boy Geldenhuys, (mej.) Maxie Jooste, Pieter van Huyssteen, Kobus Koch, Fanie Jacobs.

☆ ☆ ☆



## BOBBIE SCHERRER

7de Jaar

B.Th. II

## ONDERVINDING:

**1962:** ACSV-kringleier; Ondervoorsitter Vereniging vir Sosiologie en Maatskaplike Werk.

**1963:** Sekr./Tes. Admissiebondtoerbestuur.

**1965:** Sekretaris **Vires Unitates** (koshuispublikasie); Bestuurslid Geografievereniging; Lid ASB-komitee; Lid Afvaardiging ASB-kongres, Heidelberg.

**1966:** Lid Eendrag-huiskomitee; Tesourier ASB-komitee; Lid Afvaardiging ASB-kongres, Stellenbosch; Tesourier Werkverskaffingsburo.

**1967:** Lid Studenteraad; Sekretaris Eendrag-huiskomitee; O.-Voorsitter ASB-komitee; Voorsitter Intervarsitykomitee; Lid Afvaardiging ASB-kongres, Bloemfontein; Tesourier Junior Rapportryerskorps US; Lid ASB-hoofbestuur.

## BELEID:

**Daar die SR vele pligte en eise stel, is ek bereidwillig om die Studente-unie na die beste van my vermoë te dien.**

**Samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekendes moet gehandhaaf word in 'n wedersydse erkenning en waardering van mekaar se lewensbeskouinge en -beginsels.**

**Voorts is dit my strewe dat**

**Vervolg op bl. 4 kol. 1**

# SR-KANDIDATE

Vervolg van bl. 3 kol. 5

**Stellenbosch getrou sal bly aan die lewenspatroon en Christelike karakter van die Afrikanerstudent.**

**VOORSTELLER:** Viccie le Roux.


**SEKONDANTE:** Wim Botha, Pieter van Huyssteen, Fanie Jacobs, (mej.) Elsabé Jansen, Anton Erasmus.

**dien na die beste van my vermoë. In die uitvoering van my pligte sal ek my altyd laat lei deur my Nasionale en Christelike oortuigings.**

**VOORSTELLER:** Boy Geldenhuys.

**SEKONDANTE:** Viccie le Roux, Pieter van Huyssteen, Wim Botha, Fanie Jacobs, Kobus Koch.

☆ ☆ ☆



## JAN VAN ARKEL

7de Jaar

B.Th. III

M.A. Sielkunde

### ONDERVINDING:

**1963:** CSSB-konvenor; Lid Admissiebondbestuur.

**1964:** CSSB-konvenor; Voorsitter Admissiebondbestuur.

**1965:** Lid ACSV-bestuur; Lid Afvaardiging Algemene Vergadering ACSV.

**1966:** Lid ACSV-bestuur; Lid Hoofbestuur ACSV.

**1967:** Subredakteur **Saamsoek**; Voorsitter ACSV (US); Voorsitter van ACSV-Universiteitskomitee (Suidelike Streek); Voorsitter ACSV-Universiteitskomitee; Lid Hoofbestuur ACSV; Lid Dagbestuur ACSV.

### BELEID:

**Ek onderneem om Matieland te**

☆ ☆ ☆


## PIETER VAN HUYSSTEEN

4de Jaar

Honns. B.Comm.

### ONDERVINDING:

**1965:** Voorsitter Junior Breëbestuur; Lid Intervarsitykomitee; Lid Afvaardiging



ASB-kongres; Lid ASB-komitee.

**1966:** Huiskomiteelid Huis Marais; Lid Afvaardiging ASB-kongres; Organiseerder ASB-kunsfees.

**1966/67:** Lid Studenteraad; Lid van die Uitvoerende Komitee SR; Voorsitter ASB-komitee; Primarius Huis Marais.

**1967:** O.-Voorsitter Nasionale Party-studentetak; O.-Voorsitter Junior Rapportryerskorps US; Leier US-afvaardiging ASB-kongres.

### BELEID:

**Dit is my opregte voorneme om die belange van die studente-unie te dien op 'n wyse wat eie is aan die karakter van Stellenbosch.**

**Mag dit wees:**

**tot voordeel van die studente-unie;**
**tot uitbouing van die goeie naam van Stellenbosch;**
**tot eer van God.**

**VOORSTELLER:** Viccie le Roux.

**SEKONDANTE:** Wim Botha, Fanie Jacobs, Eben Olivier, (mej.) Minnette van der Merwe, Bobbie Scherrer.



## DEON VAN WYK

4de Jaar

B.A. (L.O.) I

B.A. III

### ONDERVINDING:

**1965:** Lid Junior Breëbestuur.

**1966:** Lid Kleurekomitee; Lid Intervarsitykomitee; Subredakteur van **Die Eiffel**; Sekretaris Werkverskaffingsburo.

**1967:** Lid Dagbreek-huiskomitee; Lid ASB-komitee (Direkteur Werkverskaffingsburo).

### BELEID:

**Om diens aan die Studente-unie te lewer na die beste van my vermoë en ooreenkomstig die Christelike en Afrikanerbeginsels.**

**VOORSTELLER:** Boy Geldenhuys.

**SEKONDANTE:** Viccie le Roux, (mej.) Elsabé Jansen, Wim Botha, Hannes Marais, Louis Raubenheimer.

## SENTRUM AAN DIE KOM?

# *Monstervergadering loop rustig af*

DIE jaarlikse monstervergadering het besonder stil afgeloop. 'n Rustige en gemoedelike stemming het deurgaans geheers onder die sowat 200 studente wat die vergadering bygewoon het.

**Die verslae is na min bespreking eenparig goedgekeur. In sy voorsittersverslag het Viccie le Roux die kwessie van die Langenhoven Gedenksaal en Gemeenskapsentrum opgehaal. Hy het gesê dat die spesiale LGS-komitee van die SR vanjaar waardevolle skakeling met die rektor gehad het.**

Hy het voorts 'n beroep op die nuwe SR gedoen om in hierdie verband nouer met die owerheid te skakel. Hy het dit laat deurskemer dat die vraagstuk binnekort opgelos kan word.

Volgens Fanie Jacobs se tesouriersverslag verkeer die SR in die veilige posisie om R2,400 ryker as tydens die afloop van die vorige termyn te wees.

**KOMBI**

Al aangeleentheid wat lewendige bespreking uitgelok het, was die finansiële verlies van die SR-Kombi. Die vraagstellers is egter deur mnr. Wim Botha se verduideliking tevrede gestel.

# STEMLOKALE

**LEDE WAT KURSUSSE LOOP WAT DEEL VORM VAN MEER AS EEN FAKULTEIT MAG NET BY EEN LOKAAL STEM.**

| | | |
|---|---|---|
| PSO-STUDENTE | B.A. LETTERE, WYSBEGEERTE EN REGTE<br>B.A. MAATSKAPLIK EN BIBLIOTEEKWESE | VAN DER STERR-GEBOU |
| PSO-STUDENTE | HANDELSTUDENTE EN B.COMM. REGTE, B.ADM. | H. F. VERWOERD-GEBOU |
| PSO-STUDENTE | NATUURWETENSKAPPE-STUDENTE<br>B.Sc.-DIEETKUNDE<br>M.B., CH.B. I EN II<br>DIPLOMA IN HOSPITAALKUNDE<br>ARBEIDSTERAPIE<br>B.A. VERPLEEGKUNDE<br>DIPLOMAKURSUS VERPLEGINGSONDERWYS | D. F. MALAN-GEBOU |
| PSO-STUDENTE | LL.B.<br>DRAMASTUDENTE | OU HOOFGEBOU |
| PSO-STUDENTE | HUISHOUDKUNDE- EN SPESIALE STUDENTE<br>B.A. HUISHOUDKUNDE<br>B.A. BEELDENDE KUNSTE<br>B.A. KUNS | HUISHOUDKUNDE-GEBOU |
| PSO-STUDENTE | LANDBOUSTUDENTE EN VOEDSELTEGNOLOGIE | J. S. MARAIS-GEBOU |
| PSO-STUDENTE | INGENIEURSTUDENTE | INGENIEURS-GEBOU |
| PSO-STUDENTE | JOKL-STUDENTE | LIGG. OPVOEDING-GIMNASIUM |
| PSO-STUDENTE | MUSIEKSTUDENTE | KONSERVATORIUM |
| PSO-STUDENTE | BOSBOUSTUDENTE | NUWE BOSBOU-GEBOU |
| PSO-STUDENTE | MILITÊRE AKADEMIE-STUDENTE | MILITÊRE AKADEMIE, SALDANHABAAI |
| PSO-STUDENTE | OPVOEDKUNDE-STUDENTE<br>L.S.O.D. I EN II | OPVOEDKUNDE-GEBOU |
| PSO-STUDENTE | KWEEKSKOOLSTUDENTE | KWEEKSKOOL |
| KOSGANGERS | | INDIVIDUELE UNIVERSITEITSKOSHUISE |



**Hy's in!!**

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia-drukkery Beperk, Birdstraat, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.